VOLKSBLAD 10 NOV. 2009

# LUR ontken dat sy Gods water laat loop

■ HANNATJIE VAN DER MERWE

KIMBERLEY. – Die kleinflaminke wat by Kamfersdam buite die stad verdrink het, is vir die Noord-Kaapse departement van omgewingsake en natuurbewaring net so 'n groot verlies, het me. Sylvia Lucas, Noord-Kaapse LUR vir omgewingsake en natuurbewaring, gister op 'n nuuskonferensie gesê.

Die reaksie kom nadat verlede week berig is vloedwater weens oorvloedige vroeë somerreën, beperkte verdamping weens die koel weer en die verhoogde invloei van rioolwater (van die Homevale-rioolwerke) het meegebring dat groot gedeeltes van die kunsmatige broei-eiland by Kamfersdam onder water is en dat kuikens verdrink.

Lucas het gesê haar departement het met bewaringsinisiatiewe baie tot die flaminke se bestaan bygedra en het die oprigting van die kunsmatige broei-eiland ondersteun.

Sy het gesê dit lyk of die kleinflaminke verdrink omdat niemand iets aan die saak doen nie. Dit is nie so nie. Dit gebeur weens die baie reën en die vloede in die omgewing.

Lucas het gesê die vloede in die omgewing het 99% tot die stygende watervlak in Kamfersdam bygedra wat veroorsaak dat die kleinflaminke verdrink. "Dit is nie deur ons en die Sol Plaatje-munisipaliteit se nalatigheid veroorsaak nie.

"Die Sol Plaatje-munisipaliteit is verskriklik bekommerd hieroor."

Lucas het voorts gesê: "Ons het met kommer kennis geneem dat mnr. Mark Anderson en me. Tanya Anderson van onderskeidelik Birdlife SA en Wessa konstant enige aansoek van die Sol Plaatje-munisipaliteit vir positiewe ontwikkeling teenstaan – sonder om enige alternatiewe aan te bied."

Daar word beweer die surplus afvalwater is vir die styging in die watervlak van Kamfersdam verantwoordelik.

Die appèlowerheid het in Desember 2008 besluit die Sol Plaatje-munisipaliteit kan voortgaan met sy voorgestelde wegvoer met die surplus afvalwater deur dit na die Langleg-plaas te pomp.

"Die twee genoemde enkelinge het teen die besluit van die appèlowerheid geappelleer."

Lucas het gesê haar departement het nou die appèl afgewys en vir die Sol Plaatje-munisipaliteit goedkeuring gegee om voort te gaan om so die surplus afvalwater weg te lei.

"As dit vroeër kon gebeur, kon die tragedie by Kamfersdam moontlik verhinder gewees het."



ME. SYLVIA LUCAS, Noord-Kaapse LUR vir omgewingsake en natuurbewaring, aan die woord op 'n nuuskonferensie oor die kleinflaminke van Kamfersdam buite Kimberley. In die middel is mnr. Thabo Ditseho, woordvoerder van die Noord-Kaapse ministerie van omgewingsake en natuurbewaring. Regs is mnr. Mandla Ndzilili, hoof van die ministerie.
FOTO: HANNATJIE VAN DER MERWE

Die indruk is geskep dat die departement harteloos is en afstand gedoen het van sy verantwoordelikheid as bewaarder van alle fauna en flora, insluitend bedreigde spesies.

"Ons bly 'n bekwame departement en bewaarders van die natuur wat alles sal doen om te verseker dat daar in die beste belang van 'n volhoubare omgewing opgetree word om dit vir toekomstige geslagte te bewaar."

Die departement het oor baie jare die bewaring van die kleinflaminke bevorder en die resultaat is dat die flaminke vermeerder het weens die bewaringspogings van die departement.

Lucas het gesê die kleinflaminke trek toeriste en moet bewaar en hul bestaan deur redelike wetgewing bevorder word.

■ Anderson, uitvoerende direkteur van Birdlife South Africa, het verlede week gesê die derde broeiseisoen het sowat 'n maand gelede begin. In die vorige twee broeiseisoene het onderskeidelik 9 000 en 13 000 kuikens op dié eiland uitgebroei.

Hy het toe gesê: "Ons het die afgelope paar dae waarskynlik honderde kuikens en eiers verloor.

"Die oorstromings bedreig die voortbestaan van dié internasionaal belangrike terrein."

■ Kamfersdam is die enigste broeiplek vir kleinflaminke in die land. Dit is een van vier broeiplekke vir dié voëlsoort in Afrika en een van ses in die wêreld.



'n VERLORE kuiken in die water by die kunsmatige broei-eiland vir kleinflaminke in Kamfersdam.
FOTO: VWEBCAM